EIS OM VERGOEDING INGEVOLGE DIE WET OP MINERAAL- EN PETROLEUM-HULPBRONONTWIKKELING

INLEIDING

1. Die doel van hierdie dokument is om riglyne te verskaf aan mineraalreghouers wat die wettige houers van 'n mineraalreg was onmiddellik voordat die Wet op Mineraal- en Petroleum Hulpbronne Ontwikkelings Wet (die MPRD-wet) op 1 Mei 2004 in werking getree het, om 'n eis in te stel vir vergoeding ingevolge item 12 van die MPRD-wet.

2. Item 12 bepaal dat enige persoon wat kan bewys dat sy/haar eiendom (mineraalreg) onteien is ingevolge enige bepaling van die MPRD-wet vergoeding van die Staat mag eis. Regter Hartzenberg het in sy uitspraak op 6 Maart 2009 bevind dat die MPRD-wet erken dat mineraalreghouers van hul regte ontneem sal word en dat sodanige ontneming, tesame met die Staat se toe-eiening van beheer en administrasie van daardie regte, die onteiening daarvan daarstel. Die Regter het verder bevind dat dit moontlik is vir houers van ou orde regte om te bewys dat hul regte wel onteien is.

3. Ten einde vergoeding te eis, moet 'n eis by die Direkteur-Generaal ingedien word by die kantoor van die Streeksbestuurder van die Departement Mineraal en Energie (nou Mynwese) in wie se streek die onteiende eiendom geleë is.

4. **Die eis moet ingedien word voor 30 April 2011.**

5. 'n Eiser sal geregtig wees op vergoeding vir die verlies aan mineraalregte weens onteiening teen 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde van die mineraalreg wat onteien is soos op 1 Mei 2004.

6. Ten einde 'n geldige eis in te dien, moet die volgende inligting op 'n skriftelike eisvorm verskaf word. Daar word aanbeveel dat die nodige inligting voorgelê word aan 'n praktiserende prokureur wat spesialiseer in mineraalregte en dat 'n volledige eis opgestel en by die DME ingedien word.

DEEL A: BESONDERHEDE VAN DIE EISER (Die eienaar van die mineraalreg op 30 April 2004)

1. Van: _____

2. Voornaam/name: _____

3. Identiteitsnommer: _____

4. Heg identiteitsdokument aan en merk met 'n "A"

of

5. Naam van Maatskappy, Trust of ander Entiteit: _____

6. Registrasienommer van Maatskappy, Trust of ander Entiteit: _____

7. Heg aan 'n afskrif van die Maatskappy of ander geregistreerde Entiteit se Registrasiesertifikaat of die Trust se Magtigingsbrief en merk dit "A".

DEEL B: BESKRYWING VAN DIE ONTEIENDE EIENDOM

1. Beskrywing van die Eiendom (mineraalreg)

_____

_____

2. Bewys van eienaarskap van onteiende Eiendom: Heg 'n afskrif van die titelakte aan en merk dit "B".

3. Huidige gebruik van die Eiendom

_____

_____

4. Geskiedenis van die verkryging van die Eiendom en die prys wat daarvoor betaal is (indien aangekoop)

_____

_____

5. Die omvang van enige staatsondersteuning of voordele wat verkry is ten opsigte van die onteiende Eiendom

_____

_____

6. Die Streek waar die Eiendom geleë is

_____

_____

7. Die aard van die mineraalreg (indien bekend)

_____

_____

DEEL C: BEDRAG VAN VERGOEDING WAT GEËIS WORD

1. Bedrag van vergoeding wat geëis word. Let wel, die bedrag van vergoeding wat geëis word sluit in die markwaarde van die verlies aan die mineraalreg sowel as die werklike finansiële verlies wat gely is as gevolg van die onteiening

_____

_____

2. Aard en omvang van werklike verlies en skade wat deur die Eiser gely is

_____

_____

3. Markwaarde van die mineraalreg

_____

_____

4. Wyse waarop die waarde bepaal is. LW: Die Eiser moet besonderhede verskaf van hoe die markwaarde van die onteiende mineraalreg bepaal is, byvoorbeeld verkoopsprys.

_____

_____

5. Heg aan 'n afskrif van die verslag van die beëdigde waardeerder of geoloog, indien beskikbaar, en merk dit "C". By gebrek aan sodanige verslag, dui aan hoe die markwaarde bepaal is, byvoorbeeld die verhoging in die verkoopsprys van die Eiendom indien die mineraalreg daarby ingesluit sou wees (bv. 'n aanbod vir die eiendom met inbegrip van die mineraalreg, teenoor 'n aanbod vir die eiendom sonder die mineraalreg) of, waar die mineraalreg afsonderlik van die titelakte van die grond verkoop word, wat 'n gewillige koper bereid sou wees om vir die mineraalreg in die ope mark te betaal.

6. Die voortgesette voordeel uit die gebruik van die Eiendom

_____

_____

7. Regte wat behou word of wat verkry kan word ingevolge die bepalings van die Wet. Let wel, die MPRD-wet bepaal dat houers van mineraalregte die eksklusiewe opsie gehad het om aansoek te doen vir 'n prospekteer- of 'n mynreg binne 'n tydperk van een jaar vanaf 1 Mei 2004. Dui hier

aan of die opsie om aansoek te doen vir die prospekteer- of myn-reg wel uitgeoefen is en wat die uitkoms van die aansoek was.

DEEL D: KENNISGEWING INGEVOLGE DIE WET OP DIE INSTEL VAN REGSGEDINGE TEEN SEKERE STAATSORGANE

Ten einde regstappe teen die Staat te neem, moes 'n Eiser kennis van sodanige voorneme aan die Staat gegee het binne ses maande vanaf 1 Mei 2004. Dui hier aan of u sodanige kennis aan die Staat gegee het en heg die kennisgewing aan as "D".

PART E: GRONDE VIR BEWEERDE ONTEIENING

Sit uiteen die wetlike gronde vir die beweerde onteiening.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2010.

_____

Eiser

Posadres:

_____

_____

_____

_____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Faks: _____

E-pos: _____

LET WEL: VRYWARING

Die inhoud van hierdie dokument stel nie regsadvies daar nie. Elke eis verskil en word bepaal deur die betrokke omstandighede en feite. Ten einde regsadvies oor 'n betrokke aangeleentheid te bekom en alvorens enige aksie in verband met enige inligting in die dokument geneem word, moet die eiser persoonlik met 'n prokureur konsulteer. MacRobert Ingelyf of enige van sy werknemers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige onjuistheid, foute, weglatings of gevolg skade wat gely word in die gebruik van die dokument nie.